**AFDELING B4: DRANKREËLS**

## 1. DEFINISIES

***Alkoholiese produkte;*** synde sodanige drank- en voedsel verwante produkte wat, as deel van die inhoud daarvan, alkohol bevat en soos meer spesifiek in relevante Drankwetgewing en meer spesifiek die Noord-Kaap Dobbel en Drankwet, 6 van 2024, gedefinieer.

***Bedieningstyd;*** synde sodanige tye op enige gegewe dag en soos uiteengesit in die onderskeie kategorieë magtigings om alkoholiese produkte (drank) te mag bedien, waartydens alkohol en alkohol-verwante produkte aan enige kliënte, gaste, werknemers en/of ander persone bedien mag word, maar sluit nie andersins handelstye in en waartydens 'n besigheid, instelling of persoon besigheid mag bedryf sonder die bediening van alkoholiese produkte nie, tensy sodanige handelstye spesifiek deur 'n bepaling van sluitingstye beperk word.

***Bevoegde Amptenaar (ook gedelegeerde van die Direksie);*** beteken 'n amptenaar in diens van OAB, insluitend maar nie daartoe beperk nie, 'n lid van OVD en/of die Grondgebruik Bestuurskomitee (GGBK).

***Direksie;*** beteken die Direksie van OAB en met die pligte en bevoegdhede soos onder andere uiteengesit in artikel 66 van die Maatskappyewet, Wet 71 van 2008 en wat die wetlike verpligting het om die eiendom, besigheid en aangeleenthede van OAB te bestuur.

***Distilleerdery*;** wat gedefinieer word as 'n goedgekeurde proses wat by 'n spesifieke adres gedistilleerde alkoholiese produkte vervaardig met die oogmerk dat dit kommersieel bemark mag word.

***Drankwinkel;*** wat gedefinieer word as 'n kommersiële eenheid wat alkoholiese produkte aan die algemene publiek, met die oogmerk dat dit nie op die perseel genuttig mag word nie, verkoop.

***Gastehuis en/of hotel;*** wat gedefinieer word as 'n perseel wat bona fide as gastehuis en/of hotel bedryf word en waar gaste, met of sonder die bediening van voedsel, verblyf vir 'n beperkte tydperk opneem en waar enige en alle alkoholiese produkte slegs aan gaste bedien kan word.

***GGBK;*** as die afkorting wat gebruik word om die Grondgebruik Bestuurskomitee te beskryf en wat as behoorlike gemagtigde gedelegeerde van die Direksie handel.

***Houer van 'n magtiging;*** is die natuurlike- of regspersoon wat aansoek doen om 'n magtiging om onder 'n bepaalde kategorie alkoholiese produkte te verkoop, wat gewoonlik die besigheid sal wees waaronder alkoholiese produkte verkoop word, wat sodanige magtiging onder die voorwaardes daarvan dan ook hou en bestuur en ingevolge daarvan 'n verantwoordelike persoon daar moet stel wat as natuurlike persoon die bestuurder of verteenwoordiger van die houer van 'n magtiging te wees, met dien verstande dat die houer van 'n magtiging, waar hy of sy 'n natuurlike persoon is, ook die verantwoordelike persoon kan wees.

***Konserte;*** spesiale geleenthede, wat gedefinieer word as eenmalige geleenthede, of herhalende maar onderbroke geleenthede, waar alkoholiese produkte onderhewig aan die spesiale voorwaardes soos deur die Direksie of sy gedelegeerde opgelê, binne beperkte tye en aan die publiek of genooide gaste by die gespesifiseerde perseel te koop aangebied word, maar sluit nie 'n geslote funksie of andersins sodanige funksies of konserte in waar alkoholiese produkte nie verkoop word nie. By konserte word verder aanvaar daardie geleenthede te wees waar die toegelate klankpeil op 'n bepaalde kategorie magtiging oorskry word.

***Kroeg / Taverne;*** wat gedefinieer word as 'n perseel waar 'n bona fide kroeg bedryf word, waar voedsel moontlik aan gaste bedien kan word, met gaste wat by 'n kroegtoonbank kan aansit en alkoholiese produkte kan aankoop en/of nuttig.

***Kruidenierswinkel;*** wat vir die doel van hierdie reëls beskryf word as 'n handelaar in voedsel en ander algemene kruideniersware, wat daarmee saam alkoholiese produkte soos uiteengesit in die dranklisensie waarvoor aansoek met toestemming van OAB gedoen word mag verkoop.

***Laefrekwensiegeraas;*** 'n geluid wat klankenergie bevat teen frekwensies wat grotendeels laer as 100Hz is (tipies die basverstelling by klanktoestelle).

***Mikro-vervaardiging;*** wat gedefinieer word as 'n goedgekeurde proses wat by 'n spesifieke adres wyn- en/of bier verwante produkte vervaardig met die oogmerk dat dit kommersieel bemark mag word.

***Minderjarige;*** beteken 'n natuurlike persoon onder die ouderdom van 18 jaar, maar en in die geval waar nasionale en/of provinsiale wetgewing op enige tydstip 'n nuwe en hoër minimum ouderdom vasstel ingevolge waarvan aan wie alkoholiese produkte verkoop of bedien mag word, sal enige persoon jonger as sodanige nuwe en hoër ouderdom vir die doel van hierdie reëls geag word 'n minderjarige te wees.

***Misbruik van alkohol;*** synde gedrag of 'n handeling wat daartoe lei dat enige persoon onder die invloed van alkohol verkeer.

***Nagklub;*** wat gedefinieer word as 'n perseel waar 'n bona fide nagklub bedryf word, waar voedsel moontlik aan gaste bedien kan word en met gaste wat by 'n kroegtoonbank kan aansit en alkoholiese produkte kan nuttig, en wat spesiale vergunning ten aansien van verlengde handelsure, bedieningstye sowel as die volume van musiek geniet.

***OAB;*** as die afkorting wat gebruik word om te verwys na die Orania Aandeleblok (RF) Edms. Bpk., synde die eienaar van die grondgebied onder sy beheer en wat die bediening en/of verkoop van alkoholiese produkte met verdere reëls, bo en behalwe enige toepaslike wetgewing deur enige ander owerheid, op sy eiendom in belang van die gemeenskap reguleer. Enige verwysing na OAB sluit ook OAB se gevolmagtigde, gedelegeerde of amptenare in sy diens wat hierdie reëls moet toepas in.

***Onder die invloed van alkohol;*** beteken in die konteks van hierdie reëls, met getuienis deur 'n bevoegde amptenaar of enige ander persoon, op 'n oorwig van waarskynlikheid, wat daarop dui dat 'n persoon onder die invloed van alkohol is waar sodanige persoon genoeg alkohol gebruik het om hul fisiese en geestelike vermoëns te benadeel, wat lei tot 'n verminderde vlak van beheer oor hul optrede en gedrag en wat insluit, maar nie daartoe beperk is nie, simptome soos onduidelike spraak, verswakte koördinasie, bloedbelope oë en veranderinge in bui en gedrag.

***Oorbedien;*** as die term wat gebruik word om die toestand te beskryf waar 'n verkoper van alkoholiese produkte sodanig alkoholiese produkte aan 'n persoon verkoop en/of bedien met die gevolg dat die persoon onder die invloed van alkohol verkeer, of om waar die persoon sigbaar onder die invloed van alkohol verkeer vêrder van alkoholiese produkte te voorsien sodat die persoon se toestand verder versleg.

***OVD;*** die afkorting wat gebruik word vir Orania Veiligheidsdienste (Edms.) Bpk., 'n behoorlik geïnkorporeerde sekuriteitsmaatskappy en volfiliaal van OAB, met die bevoegdheid en mandaat om onder andere hierdie reëls se nakoming te kontroleer en met die oortreding daarvan verdere stappe te neem.

***Perseel;*** vir doeleindes van hierdie reëls, sodanige aandeelblok of gedeelte van 'n aandeelblok wat deur die houer van 'n magtiging deur OAB, of sy gedelegeerde, uitgereik, aangewend word vir die verkoop en/of bediening van alkoholiese produkte aan die publiek en sluit in, maar is nie beperk daartoe nie, enige sitplek of staanplek vir lede van die publiek, strukture wat direk deel

van die houer van die magtiging uitmaak, diensareas, badkamers, kombuis en enige ander ruimtes daartoe verbind soos uiteengesit in die aansoek om magtiging vir die verkoop van alkoholiese produkte. Die perseel is die geheel van die aandeelblok, tensy die aandeelblok uit ander besighede of gedeeltes bestaan wat nie deel van die perseel vorm wat alkoholiese produkte verkoop en/of bedien nie.

***Persoon;*** tensy die teendeel duidelik blyk, synde 'n verwysing na 'n natuurlike persoon sowel as regspersoon.

***Restaurant;*** wat gedefinieer word as 'n perseel waar voedsel wat op die perseel in 'n kombuis of dergelike ruimte voorberei word om teen betaling aan gaste bedien te word, met dien verstandhouding dat die gaste van die restaurant by tafels of ander soortgelyke oppervlaktes waar hul kan aansit met beide voedsel en/of alkoholiese produkte bedien word en dat geen gaste by 'n kroegtoonbank kan aansit en waar alkoholiese produkte gekoop en/of genuttig kan word nie.

***Sluitingstyd;*** synde sodanige tye wat hierin aangedui word, of andersins deur die Direksie of sy gedelegeerde gespesifiseer word, waartydens enige besigheid, instelling of persoon sy besigheid moet sluit tot dien effek dat geen kliënte en gaste op die perseel na sodanige sluitingstyd teenwoordig mag wees nie. Werknemers, bestuur en die eienaar / houer van die magtiging mag na die sluitingstyd op die perseel teenwoordig wees met die uitsluitlike oogmerk om op te ruim, skoon te maak en besigheid af te sluit, met dien verstande dat geen van die vermelde persone enige alkoholiese produkte mag nuttig nie en dat geen musiek of verwante geraas toelaatbaar is nie.

***Sportklub;*** wat gedefinieer word as 'n perseel waar die hoofbedryf sport en sport-verwante aktiwiteite is en waar alkoholiese produkte slegs aan lede van die betrokke sportklub bedien mag word.

***Teater;*** wat beskryf kan word as 'n ruimte, hetsy binne 'n gebou of in die buitelug, wat op 'n permanente of semi-permanente basis sitplek van welke

aard ook al aan 'n gehoor bied en waar opvoerings, ongeag die aard daarvan, vir die gehoor aangebied word, maar sluit nie 'n bioskoop waar films gewys word in nie. 'n Teater kan voedsel vanuit 'n kombuis voor, tydens en na 'n opvoering bedien, met dien verstande dat voedsel nie meer as vyf ure voor 'n opvoering bedien kan word nie en ook nie op sodanige dae waar geen opvoering plaasvind nie.

***Verantwoordelike persoon;*** die natuurlike persoon wat sodanig by die aansoek om 'n magtiging onder enige kategorie om alkoholiese produkte te verkoop genomineer word en dienooreenkomstig ingevolge hierdie reëls sal bekendstaan. Die verantwoordelike persoon is die bestuurder van die besigheid en kan die eienaar daarvan insluit, met die oogmerk dat die verantwoordelike persoon die natuurlike persoon is wat deurgaans by die dag-tot-dag besigheid op die perseel betrokke is en dit dienooreenkomstig bestuur.

***Vergunningsaansoek,*** of 'n aansoek om vergunning, anders as met 'n aansoek om vergunning om die klankpeil te oorskry, synde sodanige aansoek wat gebring kan word vir die toelaat van sekere grondgebruik anders as wat andersins onder normale soneringsbepalings of hierdie reëls van toepassing sou wees, welke vergunning later teruggetrek kan word of vereis word dat daar periodiek daarvoor aansoek gedoen word.

***Verkoop of bedien;*** synde enige aksie ten aansien waarvan alkoholiese produkte vir die doeleinde van besigheid, of as 'n transaksie waar fondse verwissel word, aan die publiek verkoop of bedien word.

***Wyn Boetiek;*** 'n handelaar in slegs wyn en wyn-verwante produkte op 'n permanente perseel.

***Wynverkope;*** wat gedefinieer word as 'n magtiging om op 'n perseel slegs wyn en wyn-verwante produkte te verkoop, met dien verstande dat die betrokke perseel nie hoofsaaklik in die handel van alkoholiese produkte spesialiseer nie.

## 2. INLEIDING EN UITGANGSPUNT

2.1 OAB, as eienaar van die grondgebied onder sy beheer, aanvaar hierdie reëls in die belang van die gemeenskap se heilsaamheid ten aansien van die verkoop en/of bediening van alkoholiese produkte. Die oogmerk van alle rolspelers, op welke wyse ook al by die verkoop / bediening van alkoholiese produkte betrokke, moet wees die nastreef van 'n gesonde kultuur in die gebruik daarvan en die beperking van enige en alle nadelige gevolge wat uit die gebruik van alkoholiese produkte mag voortvloei.

2.2 Hierdie reëls soos deur OAB aanvaar, word deur OAB uitgereik ongeag die bestaan en toepassing van enige ander wetgewing of regulasies ten aansien van die verkoop en/of bediening van alkoholiese produkte deur enige ander toepaslike owerheid.

2.3 OAB, of sy gedelegeerde, reik by 'n suksesvolle aansoek 'n magtiging uit ingevolge waarvan 'n aansoeker mag voortgaan om aansoek om 'n dranklisensie by die relevante owerheid te kan doen en ingevolge waarvan die aansoeker daarna op OAB grondgebied, onderhewig aan die bepalings van die magtiging, alkoholiese produkte mag verkoop / bedien.

2.4 OAB is nie verplig om, ten aansien van 'n dranklisensie uitgereik, of ten aansien van enige regulasies of wetgewing deur enige toepaslike owerheid, sodanige dranklisensie of regulasies of wetgewing te kontroleer, na te gaan of af te dwing nie. Enige en alle houers van 'n magtiging is en bly aanspreeklik teenoor enige en alle toepaslike owerhede en die nakoming van regulasies en wetgewing soos op hul van toepassing. Die houer van 'n magtiging bly teenoor OAB aanspreeklik en is verplig om hierdie reëls soos deur OAB uitgereik, bo en behalwe enige ander wetgewing of regulasies wat mag bestaan, na te kom.

2.5 Enige en alle klagtes wat verband hou met die oortreding van hierdie reëls, word deur OAB ondersoek en/of gehanteer, maar is die onus op sodanige klaer om klagtes rakende die nienakoming van die bepalings van 'n dranklisensie, of nasionale- of provinsiale regulasies of wetgewing soos van toepassing, by die relevante owerheid aan te meld.

2.6 Elke houer van 'n magtiging is daartoe verplig om, bo-en-behalwe die bepalings rakende minderjariges hierin vervat, hom- of haarself van die bepalings rakende minderjariges soos in nasionale- en provinsiale wetgewing te vergewis.

2.7 Deurdat OAB by keuse slegs hierdie reëls instel en afdwing, kondoneer OAB daardeur op geen wyse die nienakoming van die bepalings van 'n dranklisensie, of toepaslike regulasies of wetgewing deur enige ander owerheid uitgereik nie. Sodanige nakoming berus by die houer van 'n dranklisensie en enige en alle ander partye op wie sodanige verpligting mag rus.

2.8 Die Direksie van OAB het die bevoegdheid om, in die belang van die gemeenskap en waar die omstandighede daarvoor bestaan, enige en alle redelike besluite te neem ter bekamping of stuiting van misbruik van alkoholiese produkte of die nienakoming van hierdie reëls.

## 3. MAGTIGING OM ALKOHOLIESE PRODUKTE TE VERKOOP OF TE BEDIEN

3.1 Alle persone wat, hetsy in hul eie naam, hetsy in die naam van enige instelling of besigheid, by enige toepaslike owerheid anders as OAB om 'n dranklisensie (asook tydelike dranklisensie) wil aansoek doen, sal eers die nodige toestemming daarvoor by die Direksie of sy gedelegeerde ontvang alvorens om 'n dranklisensie aansoek gedoen kan word.

3.2 Geen persoon mag op enige wyse alkoholiese produkte op die grondgebied van OAB op kommersiële basis verkoop of bedien sonder die nodige magtiging van OAB of sy gedelegeerde nie. Die magtiging word bykomend tot die toestemming vir 'n dranklisensie voor aansoek gedoen.

3.3 Bo-en-behalwe voormelde toestemming vir die aansoek om 'n dranklisensie, sal die Direksie of sy gedelegeerde 'n magtiging, ongeag die aard of

beskrywing van die lisensie by enige owerheid anders as OAB verkry, vir die volgende kategorie of kategorieë uitreik voordat enige alkoholiese produkte mee verhandel of bedien mag word, welke magtiging die houer daarvan magtig om slegs ingevolge die voorwaardes en beperkinge van toepassing op die betrokke kategorie besigheid waarvoor die magtiging uitgereik is te bedryf:

3.3.1 Restaurant;

3.3.2 Kroeg / Taverne;

3.3.3 Nagklub;

3.3.4 Gastehuis / Hotel;

3.3.5 Sportklub;

3.3.6 Drankwinkel;

3.3.7 Mikro-vervaardiger;

3.3.8 Distilleerder;

3.3.9 Funksie;

3.3.10 Verspreiding;

3.3.11 Teater;

3.3.12 Kruidenierswinkel; en,

3.3.13 Wyn Boetiek.

3.4 Die aansoek om 'n magtiging, behalwe in die geval van die kategorie "Funksie", word gebring deur die eienaar of eienaars van die besigheid wat alkoholiese produkte kommersieel wil verkoop of bedien, hetsy 'n natuurlike persoon of 'n regspersoon en word in die naam van sodanige eienaar uitgereik. In die geval van 'n aansoek onder die kategorie "Funksie" word die aansoek om 'n magtiging deur die verantwoordelike persoon gebring.

3.5 Die Direksie van OAB, of sy gedelegeerde, is ten aansien van die magtiging om alkoholiese produkte te verkoop of te bedien geregtig om:

3.5.1 die magtiging gesamentlik of afsonderlik van die toestemming om aansoek om 'n dranklisensie uit te reik;

3.5.2 om sodanige aansoek om 'n magtiging af te keur;

3.5.3 om sodanige magtiging met of sonder enige voorwaardes goed te keur;

3.5.4 om 'n magtiging vir 'n ander kategorie toe te staan as die kategorie waarvoor die aansoeker daarvan spesifiek aansoek gedoen het, indien dit wil blyk dat die kategorie of kategorieë waarvoor aansoek gedoen word nie gepas is nie;

3.5.5 om op enige latere stadium met redelike kennis aan die houer daarvan en met inagneming van die houer daarvan se vertoë die magtiging te kanselleer, al dan nie;

3.5.6 om enige voorwaardes tot sodanige magtiging by te voeg of later met redelike kennis aan die houer van die magtiging en met inagneming van die houer daarvan se vertoë by te voeg of te verwyder;

3.5.7 om die kategorie waaronder sodanige houer daarvan alkoholiese produkte verkoop en/of bedien op enige stadium met redelike kennis aan die houer van die magtiging en met inagneming van die houer daarvan se vertoë na 'n ander kategorie te wysig, waar dit blyk dat 'n ander kategorie meer toepaslik met inagneming van enige dranklisensie uitgereik sou wees; en,

3.5.8 om by die uitreik daarvan, of enige latere stadium, waar die aansoeker en/of die houer van 'n magtiging reeds by vorige geleentheid hom- of haarself aan die herhaalde oortreding van hierdie reëls, of enige verwante oortreding waar alkoholiese produkte op enige wyse betrokke was, skuldig gemaak het, te vereis dat die houer daarvan jaarliks of enige ander tydperk waarop besluit mag word, heraansoek vir die magtiging moet doen.

3.6 Waar aansoek om 'n magtiging vir die verkoop en/of bediening van alkoholiese produkte gedoen word, of op enige tydstip daarna soos versoek deur die Direksie van OAB of sy gedelegeerde, moet die skriftelike aansoek op die voorgeskrewe vorm onder andere die volgende bevat voordat die aansoek voor die Direksie kan dien:

3.6.1 'n Behoorlike uiteensetting van die aard en omvang van die besigheid of voorgenome besigheid waarvoor 'n magtiging aangevra word;

3.6.2 'n Onderneming deur die houer van die magtiging sowel as verantwoordelike persoon, indien die verantwoordelike persoon nie ook die houer van die magtiging is nie, om hierdie reëls na te kom;

3.6.3 Die instemming deur die houer van die magtiging dat waar hierdie reëls nie nagekom word nie die Direksie en/of sy gedelegeerde sodanige magtiging mag terugtrek of kanselleer of wysig;

3.6.4 'n Sketsplan met beskrywing van die perseel waarop die magtiging van toepassing sal wees, met alle relevante gedeeltes daarop aangedui;

3.6.5 Die skriftelike instemming van die verhuurder en/of eienaar van die aandeelblok ten aansien waarvan, in die geval waar die aansoeker vir die magtiging nie ook die eienaar van die aandeelblok ten aansien waarvan die aansoek gedoen word, 'n aansoek om magtiging gebring word; en,

3.6.6 Die besonderhede van die persoon of persone wat aansoek doen en in die geval van 'n regspersoon, die besonderhede van alle aandeelhouers en direkteure, of trustees, van sodanige regspersoon, die besonderhede van die lisensiehouer asook die besonderhede van die verantwoordelike persoon.

3.7 Die Direksie of sy gedelegeerde sal ten aansien van enige aansoek, anders as vir tydelike dranklisensies, vir die toestaan van 'n magtiging om drank ingevolge 'n bepaalde kategorie te bedien 'n publieke deelname proses van stapel stuur deur 'n kennisgewing ten aansien van die aansoek te publiseer en waarop kommentaar ontvang kan word. Die Direksie of sy gedelegeerde sal sodanige kommentaar by die toestaan van 'n magtiging, al dan nie, in ag neem.

3.8 Die Direksie of sy gedelegeerde is verder tot die voorwaardes en bepalings hierin vervat daartoe geregtig om bykomende voorwaardes en bepalings tot enige kategorie magtiging waarvoor aansoek gedoen word te bepaal en te voeg, wat insluit dat:

3.8.1 die persoon, instelling of besigheid aan wie 'n magtiging uitgereik word, asook die verantwoordelike persoon, die nodige onderneming sal onderteken ingevolge waarvan die Direksie of sy gedelegeerde gemagtig word om ter enige tyd en onder alle omstandighede die nodige stappe mag neem ten einde sorg te dra dat die houer van die magtiging, besigheid, eienaar, werknemers, gaste asook enige ander

persoon hierdie reëls sal nakom en ook enige perseel waar drank vir die doeleindes verkoop word mag betree;

3.8.2 die persoon, instelling of besigheid aan wie 'n magtiging uitgereik word, asook verantwoordelike persoon, 'n onderneming sal onderteken ingevolge waarvan die Christelike waardes van Orania erken en gerespekteer word en dat enige gaste op enige perseel soos hierin van toepassing enige vorm van gedrag toon wat nie met vermelde waardes versoenbaar is nie, vermelde persone deur die persoon, instelling of besigheid aan wie 'n magtiging uitgereik is verwyder sal word en verdere toegang tot die perseel geweier word;

3.8.3 dat in die geval waar die houer van die magtiging 'n ander verantwoordelike persoon wil nomineer, die houer van die magtiging die Grondgebruik Bestuurskomitee ten minste 7 dae vooraf daarvan skriftelik in kennis sal stel, en,

3.8.4 dat die magtiging wat toegestaan word, deur die Direksie of sy gedelegeerde, ongeag of die Orania Regspaneel 'n bepaling tot die effek uitgereik het al dan nie, en na oorweging van vertoë deur die houer van die magtiging teruggetrek kan word in die geval waar die houer van die magtiging, sy bestuurder, die verantwoordelike persoon en/of enige en alle werknemers in hul hoedanigheid as verteenwoordigers van die houer van die magtiging geag, by herhaling (meer as een keer) hierdie reëls op welke wyse ook al verontagsaam of nie nakom nie.

3.9 Die magtiging om ingevolge 'n kategorie alkoholiese produkte te bedien of verkoop is nie aan enige ander persoon, instelling of besigheid oordraagbaar nie, ongeag of die magtiging op dieselfde perseel van toepassing is of nie. Met "oordrag" binne hierdie konteks word ingesluit 'n geagte oordrag, waar dieselfde besigheid deur ander en nuwe meerderheidsaandeelhouding bestaan. In ieder en elke geval waar 'n nuwe persoon, instelling of besigheid ten aansien van enige dranklisensie sodanige lisensie oorneem, sal eers om 'n nuwe magtiging onder 'n bepaalde kategorie by die Direksie of sy gedelegeerde volgens die voorgeskrewe prosedure aansoek gedoen word voordat daar op enige wyse met handel voortgegaan kan word. Indien die

betrokke perseel of onderneming / besigheid van naam, eienaar of ligging sou verander, of sou ophou funksioneer of besigheid bedryf, word enige magtiging uitgereik dadelik en outomaties opgehef en sal daar onder die veranderde omstandighede weer aansoek voor gedoen moet word.

3.10 Dit is nie moontlik om een magtiging om alkoholiese produkte te bedien of te verkoop aan twee verskillende persone te gee, waar sodanige persone afsonderlik besigheid doen nie en kan 'n magtiging ook nie onderling gedeel word nie.

3.11 Die toestaan van 'n magtiging om alkoholiese produkte te bedien of te verkoop is nie ook 'n besigheidsregistrasie nie en moet daar steeds afsonderlik vir 'n besigheidsregistrasie aansoek gedoen en oor beskik word voordat sodanige produkte verkoop of bedien kan word.

3.12 Die aansoek om 'n magtiging om alkoholiese produkte te verkoop word nie toegestaan nie, waar:

3.12.1 die aansoeker,

3.12.2 of enige en alle direkteure of trustees van die regspersoon, indien van toepassing,

3.12.3 of die verantwoordelike persoon (gewoonlik die bestuurder van die houer van die magtiging),

op enige tydstip voor die aansoek om 'n magtiging gebring word, deur die Regspaneel van Orania:

3.12.4 aan die herhalende oortreding van hierdie reëls skuldig bevind is,

3.12.5 en/of aan enige oortreding skuldig bevind is waar Verblyfreg opgehef is, ongeag of 'n gedeelte of die geheel daarvan opgeskort is al dan nie;

en die Regspaneel by vonnis na skuldigbevinding 'n bepaling spesifiek uitreik dat sodanige persoon nie bevoeg is om aansoek om 'n magtiging te doen nie.

3.13 Waar 'n magtiging aan die aansoeker uitgereik is, moet besigheid in die verkope van alkoholiese produkte binne 24 maande na die datum van goedkeuring in aanvang neem. In die geval waar besigheid nie binne 24 maande na die datum van goedkeuring in aanvang neem nie, sal die

magtiging soos uitgereik verval. Hierdie tydperk kan, met goeie rede waar aangedui kan word dat daar bona fide pogings was om die magtiging op te neem, deur die GGBK verleng word.

4. **RESTAURANT**

4.1 Ten aansien van die kategorie "**Restaurant**" sal die volgende voorwaardes en bepalings van toepassing wees:

4.1.1 'n Restaurant se normale bedieningstye van alkoholiese produkte sal op Maandae tot Vrydae van 10:00 tot 00:00 wees.

4.1.2 'n Restaurant se normale bedieningstye van alkoholiese produkte sal op Saterdae, sowel as op enige dag voor 'n Christelike vakansiedag, van 10:00 tot 23:30 wees.

4.1.3 'n Restaurant se normale bedieningstye van alkoholiese produkte sal op Sondae, sowel as ander Christelike vakansiedae van 10:00 tot 20:00 wees.

4.1.4 Die sonering waar restaurante vir 'n magtiging mag aansoek doen sal wees Sake Sone 1 & 2, Oord Sone 1 en Kommersiële Sone 1. Nieteenstaande voormelde mag daar verder by wyse van 'n vergunningsaansoek by die Direksie of sy gedelegeerde ook vir 'n magtiging ten aansien van die volgende sones aansoek gedoen word: Woon Sone 2 & 4, Sake Sone 3 & 4, Oord Sone 1 & 2 en Oop Ruimte 1.

4.1.5 'n Restaurant sal te alle tye beperk word tot die speel van agtergrondmusiek en waarvan die klankpeil nie op enige gegewe tydstip meer as 75 dBA mag meet nie. Ten aansien van voormelde sal 'n meting om die klankpeil vas te stel deur 'n aanvaarbare metingstoestel, soos deur die verantwoordelike amptenaar in diens van OAB en/of OVD aangewend, vir 'n tydperk van ten minste 1 minuut en nie nader as vier meter aan enige luidspreker of ander klank versterkingsmiddel geneem word. Die meting soos deur die metingstoestel gemeet sal aanvaar word korrek te wees, tensy die eienaar of ander verantwoordelike persoon van die perseel die teendeel kan bewys.

4.1.6 'n Restaurant se klankpeil sal ten alle tye op enige punt van die aandeelblokgrens en/of die perseel se grens indien die perseel nie die geheel van die aandeelblok uitmaak nie, nie 'n meting van 50 dBA oorskry nie.

4.1.7 In enige geval en waar 'n meting toon dat die klankpeil nie oorskry word nie, maar die verantwoordelike amptenaar is van mening dat die aard van die steurnis laefrekwensiegeraas is, sal die oordeel van die verantwoordelike amptenaar tesame met een verdere onafhanklike getuie (wat veiligheidsbeamptes insluit) genoegsaam wees om te bepaal of die laefrekwensiegeraas as steurende geraas kwalifiseer, en sal die verantwoordelike amptenaar daarop die verantwoordelike persoon of ander persoon in beheer van die perseel aansê om die lae frekwensie musiek sodanig te verstel dat daar nie meer laefrekwensiegeraas is nie. Die versuim om aan die versoek hierin te voldoen is 'n oortreding.

4.1.8 Nieteenstaande bostaande beperkinge op die klankpeil soos van toepassing, mag die houer van die magtiging in die kategorie restaurant en in die geval van 'n konsert om 'n vergunning ter verslapping van die klankpeil by die Direksie of sy gedelegeerde ingevolge die voorgeskrewe prosedure aansoek doen. Ten aansien hiervan sal die volgende van toepassing wees:

4.1.8.1 Die aansoeker moet op die aansoekvorm 'n aanduiding gee ten aansien van die tydperk en omvang van die verslapping van die klankpeil waarvoor aansoek gedoen word.

4.1.8.2 Die aansoeker moet ten tyde van die indien van die aansoek bewyse lewer dat die direkte bure met beboude eiendom aangrensend tot die aandeelblok (ook eiendom skuins teenoor die hoeke van die aandeelblok) waar die konsert gaan plaasvind of waar 'n verslapping van die klankpeil versoek word ten minste 3 werksdae voor die datum waarop die aansoek ingedien is skriftelik daarvan in kennis gestel is, wat insluit kennis oor die datum, plek en omvang van die oorskryding van die klankpeil en dat die

betrokke bure die reg het om by die Direksie of sy gedelegeerde beswaar teen die oorskryding van die klankpeil aan te teken. Kennis in hierdie geval kan geskied per hand of per epos. Aangrensende bure sluit sodanige bure wat deur 'n Orania-straat geskei word in, maar nie sodanige bure wat deur die R369-hoofroete van enige perseel geskei word nie.

4.1.8.3 Die Direksie of sy gedelegeerde sal die aansoek en besware, indien enige ontvang, in oorweging neem en aan die aansoeker 'n vergunning vir die oorskryding van die klankpeil onder die voorwaardes soos deur die Direksie of sy gedelegeerde bepaal gee, al dan nie. Die Direksie of sy gedelegeerde behou die reg voor om van tyd tot tyd 'n beperking op die totale aantal konserte wat in een jaar op Orania Dorpsgebied gehou mag word, te plaas.

4.1.9 Die beperkinge en voorwaardes ten aansien van restaurante soos vervat in enige toepaslike Drankwetgewing sal, insover dit nie in botsing met enige bepaling van die Direksie of sy gedelegeerde is nie, op die persoon / besigheid wat 'n magtiging ten aansien van die bediening of verkope van alkoholiese produkte deur die Direksie of sy gedelegeerde uitgereik ontvang het, van toepassing wees, maar rus daar nie 'n verpligting op OAB om sodanige toepaslike wetgewing af te dwing nie.

4.1.10 Enige en alle alkoholiese produkte wat by 'n restaurant verkoop en bedien word, moet deur die gaste op die perseel self genuttig word en mag nie deur gaste vanaf die perseel verwyder word nie, ongeag of dit bloot tydelik is al dan nie.

## 5. KROEG / TAVERNE

5.1 Ten aansien van die kategorie "**Kroeg / Taverne**" sal die volgende voorwaardes en bepalings van toepassing wees:

5.1.1 'n Kroeg / Taverne se normale bedieningstye van alkoholiese produkte sal op Maandae tot Vrydae van 10:00 tot 00:00 wees.

5.1.2 ’n Kroeg / Taverne se normale bedieningstye van alkoholiese produkte sal op Saterdae, sowel as op enige dag voor ’n Christelike vakansiedag, van 10:00 tot 23:30 wees.

5.1.3 ’n Kroeg / Taverne sal nie op Sondae of ander Christelike vakansiedae handel dryf nie.

5.1.4 Die sonering waar ’n kroeg / taverne vir ’n magtiging met ’n vergunningsaansoek mag aansoek doen sal wees Sake Sone 1, Oord Sone 1 & 2 en Oop Ruimte Sone 1 en Nywerheidsone 1.

5.1.5 ’n Kroeg / Taverne sal te alle tye beperk word tot die speel van musiek, waarvan die klankpeil nie op enige gegewe tydstip meer as 82 dBA mag meet nie. Ten aansien van voormelde sal ’n meting om die klankpeil vas te stel deur ’n aanvaarbare metingstoestel, soos deur die verantwoordelike amptenaar in diens van OAB en/of OVD aangewend, vir ’n tydperk van ten minste 1 minuut en nie nader as vier meter aan enige luidspreker of ander klank versterkingsmiddel geneem word. Die meting soos deur die metingstoestel gemeet sal aanvaar word korrek te wees, tensy die eienaar of ander verantwoordelike persoon van die perseel die teendeel bewys.

5.1.6 ’n Kroeg / Taverne se klankpeil sal ten alle tye, nieteenstaande voormelde, op enige punt van die aandeelblokgrens en/of die perseel se grens indien die perseel nie die geheel van die aandeelblok uitmaak nie, nie ’n meting van 50 dBA oorskry nie.

5.1.7 In enige geval en waar ’n meting toon dat die klankpeil nie oorskry word nie, maar die verantwoordelike amptenaar is van mening dat die aard van die steurnis laefrekwensiegeraas is, sal die oordeel van die verantwoordelike amptenaar tesame met een verdere onafhanklike getuie (wat veiligheidsbeamptes insluit) genoegsaam wees om te bepaal of die laefrekwensiegeraas as steurende geraas kwalifiseer, en sal die verantwoordelike amptenaar daarop die verantwoordelike persoon of ander persoon in beheer van die perseel aansê om die lae frekwensie musiek sodanig te verstel dat daar nie meer laefrekwensiegeraas is nie. Die versuim om aan die versoek hierin te voldoen is ’n oortreding.

5.1.8 Nieteenstaande bostaande beperkinge op die klankpeil soos van toepassing, mag die houer van die magtiging in die kategorie kroeg/taverne en in die geval van 'n konsert om 'n vergunning ter verslapping van die klankpeil by die Direksie of sy gedelegeerde ingevolge die voorgeskrewe prosedure aansoek doen. Ten aansien hiervan sal die volgende van toepassing wees:

5.1.8.1 Die aansoeker moet op die aansoekvorm 'n aanduiding gee ten aansien van die tydperk en omvang van die verslapping van die klankpeil waarvoor aansoek gedoen word.

5.1.8.2 Die aansoeker moet ten tyde van die indien van die aansoek bewyse lewer dat die direkte bure met beboude eiendom aangrensend tot die aandeelblok (ook eiendom skuins teenoor die hoeke van die aandeelblok) waar die konsert gaan plaasvind of waar 'n verslapping van die klankpeil versoek word ten minste 3 werksdae voor die datum waarop die aansoek ingedien is skriftelik daarvan in kennis gestel is, wat insluit kennis oor die datum, plek en omvang van die oorskryding van die klankpeil en dat die betrokke bure die reg het om by die Direksie of sy gedelegeerde beswaar teen die oorskryding van die klankpeil aan te teken. Kennis in hierdie geval kan geskied per hand of per epos. Aangrensende bure sluit sodanige bure wat deur 'n Orania-straat geskei word in, maar nie sodanige bure wat deur die R369-hoofroete van enige perseel geskei word nie.

5.1.8.3 Die Direksie of sy gedelegeerde sal die aansoek en besware, indien enige ontvang, in oorweging neem en aan die aansoeker 'n vergunning vir die oorskryding van die klankpeil onder die voorwaardes soos deur die Direksie of sy gedelegeerde bepaal gee, al dan nie. Die Direksie of se gedelegeerde behou die reg voor om van tyd tot tyd 'n beperking op die totale aantal konserte wat in een jaar op Orania Dorpsgebied gehou mag word, te plaas.

5.1.9 Die beperkinge en voorwaardes ten aansien van kroeg / taverne soos vervat in enige toepaslike Drankwetgewing sal, insover dit nie in botsing met enige bepaling van die Direksie of sy gedelegeerde is nie, op die persoon / besigheid wat 'n magtiging ten aansien van die bediening of verkope van alkoholiese produkte deur die Direksie of sy gedelegeerde uitgereik ontvang het, van toepassing wees, maar rus daar nie 'n verpligting op OAB om sodanige toepaslike wetgewing af te dwing nie.

5.1.10 Enige en alle alkoholiese produkte wat by 'n kroeg / taverne verkoop en bedien word, moet deur die gaste op die perseel self genuttig word en mag nie deur gaste vanaf die perseel verwyder word nie, ongeag of dit bloot tydelik is al dan nie.

## 6. NAGKLUB

6.1 Ten aansien van die kategorie "**Nagklub**" sal die volgende voorwaardes en bepalings van toepassing wees:

6.1.1 'n Nagklub se normale bedieningstye van alkoholiese produkte sal op Maandae tot Vrydae van 18:00 tot 02:00 wees.

6.1.2 'n Nagklub se normale bedieningstye van alkoholiese produkte sal op Saterdae, sowel as op enige dae voor 'n Christelike vakansiedag, van 18:00 tot 23:30 wees.

6.1.3 'n Nagklub sal nie op Sondae of ander Christelike vakansiedae enigsins handel dryf nie.

6.1.4 Die sonering waar 'n nagklub vir 'n magtiging met 'n vergunningsaansoek mag aansoek doen sal wees Sake Sone 1 (slegs in die "N" en die "S" blokke), Oord Sone 1 & 2 en Oop Ruimte Sone 1.

6.1.5 Die aansoek om onder die kategorie van nagklub besigheid te bedryf sal vergesel word deur 'n deskundige verslag wat sal kan bevestig dat by die gebou waarbinne die nagklub gevestig staan te word sodanig genoegsame klankverdigting aangebring is dat daar met die speel van musiek asook met ander geraas geen steurnis buite die gebou en soos in hierdie reëls bedoel (of enige ander reëls handelend met klank geraas) sal wees nie.

6.1.6 ’n Nagklub sal sodanige klankdigting aanbring dat, ongeag die volume musiek wat binne ’n gebou gespeel word, die klankpeil een meter buite enige opening van die gebou, hetsy ’n venster of ’n deur, nie op enige gegewe tydstip meer as 75dBA mag meet nie. Ten aansien van voormelde sal ’n meting om die klankpeil vas te stel deur ’n aanvaarbare metingstoestel, soos deur die verantwoordelike amptenaar in diens van OAB en/of OVD aangewend, vir ’n tydperk van ten minste 1 minuut en een meter buite enige opening geneem word. Die meting soos deur die metingstoestel gemeet sal aanvaar word korrek te wees, tensy die eienaar of ander verantwoordelike persoon van die perseel die teendeel bewys.

6.1.7 ’n Nagklub se klankpeil sal ten alle tye, nieteenstaande voormelde, op enige punt van die aandeelblokgrens en/of die perseel se grens indien die perseel nie geheel van die aandeelblok uitmaak nie, nie ’n meting van 50 dBA oorskry nie.

6.1.8 In enige geval en waar 'n meting toon dat die klankpeil nie oorskry word nie, maar die verantwoordelike amptenaar is van mening dat die aard van die steurnis laefrekwensiegeraas is, sal die oordeel van die verantwoordelike amptenaar tesame met een verdere onafhanklike getuie (wat veiligheidsbeamptes insluit) genoegsaam wees om te bepaal of die laefrekwensiegeraas as steurende geraas kwalifiseer, en sal die verantwoordelike amptenaar daarop die verantwoordelike persoon of ander persoon in beheer van die perseel aansê om die lae frekwensie musiek sodanig te verstel dat daar nie meer laefrekwensiegeraas is nie. Die versuim om aan die versoek hierin te voldoen is ’n oortreding.

6.1.9 Die beperkinge en voorwaardes ten aansien van nagklub soos vervat in enige toepaslike Drankwetgewing sal, insover dit nie in botsing met enige bepaling van die Direksie of sy gedelegeerde is nie, op die persoon / besigheid wat ’n magtiging ten aansien van die bediening of verkope van alkoholiese produkte deur die Direksie of sy gedelegeerde uitgereik ontvang het, van toepassing wees, maar rus daar nie ’n verpligting op OAB om sodanige toepaslike wetgewing af te dwing nie.

6.1.10 Enige en alle alkoholiese produkte wat by 'n nagklub verkoop en bedien word, moet deur die gaste op die perseel self genuttig word en mag nie deur gaste vanaf die perseel verwyder word nie, ongeag of dit bloot tydelik is al dan nie.

6.1.11 Geen persone onder die ouderdom van 21 sal te eniger tyd op die perseel, of binne 'n gebou wat as nagklub handel dryf, toegelaat word nie.

6.1.12 'n Nagklub, ongeag die perseel waar dit geleë is, sal te alle tye binne 'n gebou met omringende mure en 'n dak van aanvaarbare materiaal, handel dryf. Die gebou sal oor die nodige nooduitgange, noodligte, brandblussers en ander veiligheidsvereistes soos deur die Direksie of sy gedelegeerde bepaal beskik.

## 7. GASTEHUIS / HOTEL

7.1 Ten aansien van die kategorie "**Gastehuis / Hotel**" sal die volgende voorwaardes en bepalings van toepassing wees:

7.1.1 'n Gastehuis / Hotel se normale bedieningstye van alkoholiese produkte sal op Maandae tot Vrydae van 10:00 tot 00:00 wees.

7.1.2 'n Gastehuis / Hotel se normale bedieningstye van alkoholiese produkte sal op Saterdae, sowel as op enige dag voor 'n Christelike vakansiedag, van 10:00 tot 22:00 wees.

7.1.3 'n Gastehuis / Hotel se normale bedieningstye van alkoholiese produkte sal op Sondae, sowel as ander Christelike vakansiedae van 10:00 tot 22:00 wees, maar sal die kroeg gedeelte gesluit wees en mag geen gaste by 'n kroegtoonbank aansit, hetsy vir die bediening van voedsel of alkoholiese produkte nie.

7.1.4 Die sonering waar 'n gastehuis / hotel restaurante vir 'n magtiging mag aansoek doen sal wees Sake Sone 1, Oord Sone 1 en Kommersiële Sone 1. Nieteenstaande voormelde mag daar verder by wyse van 'n vergunningsaansoek by die Direksie of sy gedelegeerde ook vir 'n besigheid sertifikaat ten aansien van die volgende sones aansoek gedoen word: Woon Sone 1 tot 5.

7.1.5 'n Gastehuis/ Hotel sal te alle tye beperk word tot die speel van agtergrondmusiek, waarvan die klankpeil nie op enige gegewe tydstip meer as 75 dBA mag meet nie. Ten aansien van voormelde sal 'n meting om die klankpeil vas te stel deur 'n aanvaarbare metingstoestel, soos deur die verantwoordelike amptenaar in diens van OAB en/of OVD aangewend, vir 'n tydperk van ten minste 1 minuut en nie nader as vier meter aan enige luidspreker of ander klank versterkingsmiddel geneem word. Die meting soos deur die metingstoestel gemeet sal aanvaar word korrek te wees, tensy die eienaar of ander verantwoordelike persoon van die perseel die teendeel bewys.

7.1.6 'n Gastehuis / Hotel se klankpeil sal, nieteenstaande voormelde, te alle tye op enige punt van die aandeelblokgrens en/of die perseel se grens indien die perseel nie die geheel van die aandeelblok uitmaak nie, nie 'n meting van 50 dBA oorskry nie.

7.1.7 In enige geval en waar 'n meting toon dat die klankpeil nie oorskry word nie, maar die verantwoordelike amptenaar is van mening dat die aard van die steurnis laefrekwensiegeraas is, sal die oordeel van die verantwoordelike amptenaar tesame met een verdere onafhanklike getuie (wat veiligheidsbeamptes insluit) genoegsaam wees om te bepaal of die laefrekwensiegeraas as steurende geraas kwalifiseer, en sal die verantwoordelike amptenaar daarop die verantwoordelike persoon of ander persoon in beheer van die perseel aansê om die lae frekwensie musiek sodanig te verstel dat daar nie meer laefrekwensiegeraas is nie. Die versuim om aan die versoek hierin te voldoen is 'n oortreding.

7.1.8 Die beperkinge en voorwaardes ten aansien van 'n gastehuis/ hotel soos vervat in enige toepaslike Drankwetgewing sal, insover dit nie in botsing met enige bepaling van die Direksie of sy gedelegeerde is nie, op die persoon / besigheid wat 'n magtiging ten aansien van die bediening van alkoholiese produkte deur die Direksie of sy gedelegeerde uitgereik ontvang het, van toepassing wees, maar rus daar nie 'n verpligting op OAB om sodanige toepaslike wetgewing af te dwing nie.

7.1.9 Enige en alle alkoholiese produkte wat by 'n gastehuis / hotel verkoop en bedien word, moet deur die gaste op die perseel self genuttig word en mag nie deur gaste vanaf die perseel verwyder word nie, ongeag of dit bloot tydelik is al dan nie. Slegs gaste van die gastehuis of hotel mag met alkoholiese produkte bedien word.

## 8. SPORTKLUB

8.1 Ten aansien van die kategorie "**Sportklub**" sal die volgende voorwaardes en bepalings van toepassing wees:

8.1.1 'n Sportklub se normale bedieningstye van alkoholiese produkte sal op Maandae tot Vrydae van 10:00 tot 00:00 wees.

8.1.2 'n Sportklub se normale bedieningstye van alkoholiese produkte sal op Saterdae, sowel as op enige dag voor 'n Christelike vakansiedag, van 10:00 tot 23:30 wees.

8.1.3 'n Sportklub sal nie enige alkoholiese produkte op Sondae of ander Christelike vakansiedae bedien nie.

8.1.4 Die sonering waar 'n Sportklub vir 'n magtiging met 'n vergunningsaansoek mag aansoek doen sal wees Sake Sone 1 (slegs in die "N" en "S" blok), Oord Sone 1 & 2 en Oop Ruimte Sone 1.

8.1.5 'n Sportklub sal te alle tye beperk word tot die speel van musiek, waarvan die klankpeil nie op enige gegewe tydstip meer as 82 dBA mag meet nie. Ten aansien van voormelde sal 'n meting om die klankpeil vas te stel deur 'n aanvaarbare metingstoestel, soos deur die verantwoordelike amptenaar in diens van OAB en/of OVD aangewend, vir 'n tydperk van ten minste 1 minuut en nie nader as vier meter aan enige luidspreker of ander klank versterkingsmiddel geneem word. Die meting soos deur die metingstoestel gemeet sal aanvaar word korrek te wees, tensy die eienaar of ander verantwoordelike persoon van die perseel die teendeel bewys.

8.1.6 'n Sportklub se klankpeil sal te alle tye, nieteenstaande voormelde, op enige punt van die aandeelblokgrens en/of die perseel se grens indien die perseel nie die geheel van die aandeelblok uitmaak nie, nie 'n meting van 50 dBA oorskry nie.

8.1.7 In enige geval en waar 'n meting toon dat die klankpeil nie oorskry word nie, maar die verantwoordelike amptenaar is van mening dat die aard van die steurnis laefrekwensiegeraas is, sal die oordeel van die verantwoordelike amptenaar tesame met een verdere onafhanklike getuie (wat veiligheidsbeamptes insluit) genoegsaam wees om te bepaal of die laefrekwensiegeraas as steurende geraas kwalifiseer, en sal die verantwoordelike amptenaar daarop die verantwoordelike persoon of ander persoon in beheer van die perseel aansê om die lae frekwensie musiek sodanig te verstel dat daar nie meer laefrekwensiegeraas is nie. Die versuim om aan die versoek hierin te voldoen is 'n oortreding.

8.1.8 Nieteenstaande bostaande beperkinge op die klankpeil soos van toepassing, mag die houer van die magtiging in die kategorie restaurant en in die geval van 'n konsert om 'n vergunning ter verslapping van die klankpeil by die Direksie of sy gedelegeerde ingevolge die voorgeskrewe prosedure aansoek doen. Ten aansien hiervan sal die volgende van toepassing wees:

8.1.8.1 Die aansoeker moet op die aansoekvorm 'n aanduiding gee ten aansien van die tydperk en omvang van die verslapping van die klankpeil waarvoor aansoek gedoen word.

8.1.8.2 Die aansoeker moet ten tyde van die indien van die aansoek bewyse lewer dat die direkte bure met beboude eiendom aangrensend tot die perseel waar die konsert gaan plaasvind of waar 'n verslapping van die klankpeil versoek word ten minste 3 werksdae voor die datum waarop die aansoek ingedien is skriftelik daarvan in kennis gestel is, wat insluit kennis oor die datum, plek en omvang van die oorskryding van die klankpeil en dat die betrokke bure die reg het om by die Direksie of sy gedelegeerde beswaar teen die oorskryding van die klankpeil aan te teken. Kennis in hierdie geval kan geskied per hand of per epos. Aangrensende bure sluit sodanige bure wat deur 'n Orania-straat geskei word in, maar nie sodanige bure wat

deur die R369-hoofroete van enige perseel geskei word nie.

8.1.8.3 Die Direksie of sy gedelegeerde sal die aansoek en besware, indien enige ontvang, in oorweging neem en aan die aansoeker ‘n vergunning vir die oorskryding van die klankpeil onder die voorwaardes soos deur die Direksie of sy gedelegeerde bepaal gee, al dan nie. Die Direksie of se gedelegeerde behou die reg voor om van tyd tot tyd ‘n beperking op die totale aantal konserte wat in een jaar op Orania Dorpsgebied gehou mag word, te plaas.

8.1.9 Die beperkinge en voorwaardes ten aansien van 'n Sportklub soos vervat in enige toepaslike Drankwetgewing sal, insover dit nie in botsing met enige bepaling van die Direksie of sy gedelegeerde is nie, op die persoon / besigheid wat 'n magtiging ten aansien van die bediening van alkoholiese produkte deur die Direksie of sy gedelegeerde uitgereik ontvang het, van toepassing wees, maar rus daar nie 'n verpligting op OAB om sodanige toepaslike wetgewing af te dwing nie.

8.1.10 Enige en alle alkoholiese produkte wat by 'n Sportklub verkoop en bedien word, moet deur die gaste op die perseel self genuttig word en mag nie deur gaste verwyder word nie, ongeag of dit bloot tydelik is al dan nie. Enige en alle alkoholiese produkte mag slegs aan die lede van die Sportklub bedien word.

## 9. DRANKWINKEL

9.1 Ten aansien van die kategorie “**Drankwinkel**” sal die volgende voorwaardes en bepalings van toepassing wees:

9.1.1 'n Drankwinkel se normale handelstye vir verkope van alkoholiese produkte sal op Maandae tot Saterdae van 8:00 tot 20:00 wees.

9.1.2 'n Drankwinkel sal nie enige alkoholiese produkte op Sondae of ander Christelike vakansiedae verkoop nie.

9.1.3 Die sonering waar 'n Drankwinkel vir 'n magtiging met 'n vergunningsaansoek mag aansoek doen sal wees Sake Sone 1 & 2 (slegs in die “S” blok soos per GOP-riglyn).

9.1.4 Geen alkoholiese produkte mag op die perseel van 'n drankwinkel bedien en genuttig word nie.

9.1.5 Die beperkinge en voorwaardes ten aansien van 'n Drankwinkel soos vervat in enige toepaslike Drankwetgewing sal, insover dit nie in botsing met enige bepaling van die Direksie of sy gedelegeerde is nie, op die persoon / besigheid wat 'n magtiging ten aansien van die verkoop van alkoholiese produkte deur die Direksie of sy gedelegeerde uitgereik ontvang het, van toepassing wees, maar rus daar nie 'n verpligting op OAB om sodanige toepaslike wetgewing af te dwing nie.

## 10. MIKRO-VERVAARDIGING / DISTILLEERDERY

10.1 Ten aansien van die kategorieë "**Mikro-vervaardiging**" en "**Distilleerdery**" sal die volgende voorwaardes en bepalings van toepassing wees:

10.1.1 Slegs die produkte deur die mikro-vervaardiger of distilleerder vervaardig mag onder hierdie magtiging en onderhewig aan die voorwaardes hierin vervat verkoop word. Vir die verkoop van enige ander produkte as die produkte self deur die mikro-vervaardiger of distilleerder vervaardig sal vir 'n verdere magtiging soos nodig aansoek gedoen word.

10.1.2 Normale handelstye sal op Maandae tot Vrydae van 8:00 tot 20:00 wees.

10.1.3 Normale handelstye sal op Saterdae, sowel as op enige dag voor 'n Christelike vakansiedag, van 8:00 tot 17:00 wees.

10.1.4 Geen verkope van alkoholiese produkte mag op Sondae of ander Christelike vakansiedae geskied nie.

10.1.5 Die sonering waar 'n Mikro-vervaardiger vir 'n magtiging mag aansoek doen sal wees Nywerheid Sone 2. Nieteenstaande voormelde mag daar verder by wyse van 'n vergunningsaansoek by die Direksie of sy gedelegeerde ook vir 'n besigheid sertifikaat ten aansien van 'n Mikro-vervaardiger in die volgende sone aansoek gedoen word: Sake Sone 1 en Kommersiële Sone 1.

10.1.6 Geen alkoholiese produkte mag op die perseel bedien en genuttig word nie, tensy die nodige magtiging daarvoor gegee is.

10.1.7 Die beperkinge en voorwaardes ten aansien van Mikro-vervaardigers en Distilleerders soos vervat in enige toepaslike Drankwetgewing sal, insover dit nie in botsing met enige bepaling van die Direksie of sy gedelegeerde is nie, op die persoon wat 'n magtiging ten aansien van die bediening of verkope van alkoholiese produkte deur die Direksie of sy gedelegeerde uitgereik ontvang het, van toepassing wees, maar rus daar nie 'n verpligting op OAB om sodanige toepaslike wetgewing af te dwing nie.

## 11. FUNKSIE

11.1 Ten aansien van die kategorieë "**Funksie**" sal die volgende voorwaardes en bepalings van toepassing wees:

11.1.1 Die magtiging vir "funksie" word in die geval van 'n tydelike dranklisensie aan die aansoeker daarvan uitgereik.

11.1.2 'n Aansoek om tydelike lisensie vereis, soos enige ander dranklisensie, die vooraf toestemming van die Direksie van OAB, of sy gedelegeerde. Sodanige aansoek om 'n tydelike lisensie moet ten minste twee weke voor die datum van die funksie die Direksie of sy gedelegeerde bereik.

11.1.3 Die Direksie of sy gedelegeerde is by magte om voorwaardes ten aansien van 'n magtiging vir 'n "Funksie" en soos wat die Direksie of sy gedelegeerde mag goeddink daar te stel. In hierdie opsig kan na klousule 3 hiervan verwys word, maar is die Direksie of sy gedelegeerde nie verplig om die geheel daarvan by die magtiging vir 'n "Funksie" van toepassing te maak nie. Die volgende word wel as 'n minimum by die aansoek om 'n magtiging vir 'n "Funksie" vereis:

11.1.3.1 Die datum en spesifieke tyd wat die magtiging van toepassing sal wees.

11.1.3.2 Die spesifieke adres en omskrywing van die perseel ten aansien waarvan die magtiging van toepassing sal wees.

11.1.3.3 Die verantwoordelike persoon ten aansien van die geheel van die duur van die funksie se verkope of bediening van alkoholiese produkte.

11.1.3.4 'n Onderneming om die inhoud van hierdie reëls na te kom en spesifiek dat geen alkoholiese produkte aan minderjariges verkoop of beskikbaar gestel sal word nie.

11.1.4 Ten aansien van enige funksies wat op 'n Saterdag, of enige ander dag voor 'n Christelike vakansiedag geskied, sal geen alkoholiese produkte na 00:00 verkoop of op enige wyse aan enige persoon beskikbaar gestel word nie.

11.1.5 Die Direksie, of sy gedelegeerde, kan bepalings maak ten aansien van welke sonering waar 'n magtiging vir 'n "Funksie" (en derhalwe tydelike dranklisensie) nie gegee of voor toestemming gegee kan word nie.

11.1.6 Alle alkoholiese produkte moet by die perseel of adres waarvoor die magtiging toegestaan is genuttig word en mag geen alkohol deur enige lid van die publiek of genooide gaste of deelnemers vanaf die perseel of adres verwyder word nie, tensy die magtiging spesifiek tot die teendeel bepaal.

11.1.7 Die beperkinge en voorwaardes ten aansien van tydelike dranklisensie soos vervat in enige toepaslike Drankwetgewing sal, insover dit nie in botsing met enige bepaling van die Direksie of sy gedelegeerde is nie, op die persoon wat 'n magtiging ten aansien van die bediening of verkope van alkoholiese produkte deur die Direksie of sy gedelegeerde uitgereik ontvang het, van toepassing wees, maar rus daar nie 'n verpligting op OAB om sodanige toepaslike wetgewing af te dwing nie.

## 12. VERSPREIDING

12.1 Ten aansien van die kategorie "**Verspreiding**" sal die volgende voorwaardes en bepalings van toepassing wees:

12.1.1 Die magtiging onder die kategorie "Verspreiding" magtig die houer van sodanige magtiging om alkoholiese produkte op die grondgebied van OAB met 'n kommersiële oogmerk by wyse van aflewering, of in grootmaat aan gebruikers daarvan, te verkoop.

12.1.2 Alkoholiese produkte sal onder hierdie kategorie Maandae tot Vrydae slegs tussen 8:00 en 20:00 afgelewer en/of verkoop mag word.

12.1.3 Alkoholiese produkte sal onder hierdie kategorie op Saterdae, sowel as op enige dag voor 'n Christelike vakansiedag, van 8:00 tot 17:00 afgelewer en/of verkoop mag word.

12.1.4 Die houer van 'n magtiging onder die kategorie "Verspreiding" sal nie enige alkoholiese produkte op Sondae of ander Christelike vakansiedae aflewer en/of verkoop nie.

12.1.5 Die sonering vir die adres van waar "Verspreiding" mag geskied en die aansoeker vir 'n magtiging met 'n vergunningsaansoek mag aansoek doen sal wees Nywerheidsone 1, Kommersiële Sone 1 en Sake Sone 1 & 2.

12.1.6 Geen alkoholiese produkte mag op die perseel vanwaar "Verspreiding" plaasvind bedien en genuttig word nie.

12.1.7 Die beperkinge en voorwaardes ten aansien van 'n Verspreider soos vervat in enige toepaslike Drankwetgewing sal, insover dit nie in botsing met enige bepaling van die Direksie of sy gedelegeerde is nie, op die persoon / besigheid wat 'n magtiging ten aansien van die verspreiding van alkoholiese produkte deur die Direksie of sy gedelegeerde uitgereik ontvang het, van toepassing wees, maar rus daar nie 'n verpligting op OAB om sodanige toepaslike wetgewing af te dwing nie.

## 13. TEATER

13.1 Ten aansien van die kategorie "**Teater**" sal die volgende voorwaardes en bepalings van toepassing wees:

13.1.1 'n Teater se normale bedieningstye van alkoholiese produkte sal op Maandae tot Saterdae van 10:00 tot 23:00 wees.

13.1.2 'n Teater se normale bedieningstye sal op Sondae en enige Christelike vakansiedae sal van 12:00 tot 20:00 wees.

13.1.3 Die sonering waar 'n teater vir 'n magtiging mag aansoek doen sal wees Sake Sone 1, Oord Sone 1 & 2, Oop Ruimte Sone 1 en Institusionele Sone 1.

13.1.4 'n Teater sal te alle tye beperk word tot die speel van musiek en klanke voortspruitend uit 'n opvoering, waarvan die klankpeil een meter buite

enige opening van die gebou, hetsy 'n venster of 'n deur, nie op enige gegewe tydstip meer as 82dBA mag meet nie. Ten aansien van voormelde sal 'n meting om die klankpeil vas te stel deur 'n aanvaarbare metingstoestel, soos deur die verantwoordelike amptenaar in diens van OAB en/of OVD aangewend, vir 'n tydperk van ten minste 1 minuut en nie nader as vier meter voor enige opening van die gebou geneem word. Die meting soos deur die metingstoestel gemeet sal aanvaar word korrek te wees, tensy die eienaar of ander verantwoordelike persoon van die perseel die teendeel bewys.

13.1.5 'n Teater se klankpeil sal ten alle tye, nieteenstaande voormelde, op enige punt van die aandeelblokgrens en/of die perseel se grens indien die perseel nie die geheel van die aandeelblok uitmaak nie, nie 'n meting van 50 dBA oorskry nie.

13.1.6 In enige geval en waar 'n meting toon dat die klankpeil nie oorskry word nie, maar die verantwoordelike amptenaar is van mening dat die aard van die steurnis laefrekwensiegeraas is, sal die oordeel van die verantwoordelike amptenaar tesame met een verdere onafhanklike getuie (wat veiligheidsbeamptes insluit) genoegsaam wees om te bepaal of die laefrekwensiegeraas as steurende geraas kwalifiseer, en sal die verantwoordelike amptenaar daarop die verantwoordelike persoon of ander persoon in beheer van die perseel aansê om die lae frekwensie musiek sodanig te verstel dat daar nie meer laefrekwensiegeraas is nie. Die versuim om aan die versoek hierin te voldoen is 'n oortreding.

13.1.7 Nieteenstaande bostaande beperkinge op die klankpeil soos van toepassing, mag die houer van die magtiging in die kategorie Teater en in die geval van 'n opvoering om 'n vergunning ter verslapping van die klankpeil by die Direksie of sy gedelegeerde ingevolge die voorgeskrewe prosedure aansoek doen. Ten aansien hiervan sal die volgende van toepassing wees:

13.1.7.1 Die aansoeker moet op die aansoekvorm 'n aanduiding gee ten aansien van die tydperk en omvang van die verslapping van die klankpeil waarvoor aansoek gedoen word.

13.1.7.2 Die aansoeker moet ten tyde van die indien van die aansoek bewyse lewer dat die direkte bure met beboude eiendom aangrensend tot die aandeelblok waar die opvoering gaan plaasvind of waar 'n verslapping van die klankpeil versoek word ten minste 3 werksdae voor die datum waarop die aansoek ingedien is skriftelik daarvan in kennis gestel is, wat insluit kennis oor die datum, plek en omvang van die oorskryding van die klankpeil en dat die betrokke bure die reg het om by die Direksie of sy gedelegeerde beswaar teen die oorskryding van die klankpeil aan te teken. Kennis in hierdie geval kan geskied per hand of per epos. Aangrensende bure sluit sodanige bure wat deur 'n Orania-straat geskei word in, maar nie sodanige bure wat deur die R369-hoofroete van enige perseel geskei word nie.

13.1.7.3 Die Direksie of sy gedelegeerde sal die aansoek en besware, indien enige ontvang, in oorweging neem en aan die aansoeker 'n vergunning vir die oorskryding van die klankpeil onder die voorwaardes soos deur die Direksie of sy gedelegeerde bepaal gee, al dan nie. Die Direksie of se gedelegeerde behou die reg voor om van tyd tot tyd 'n beperking op die totale aantal opvoerings waarvoor 'n vergunning versoek word te plaas.

13.1.8 Die beperkinge en voorwaardes ten aansien van teaters soos vervat in enige toepaslike Drankwetgewing sal, insover dit nie in botsing met enige bepaling van die Direksie of sy gedelegeerde is nie, op die persoon / besigheid wat 'n magtiging ten aansien van die bediening of verkope van alkoholiese produkte deur die Direksie of sy gedelegeerde uitgereik ontvang het, van toepassing wees, maar rus daar nie 'n verpligting op OAB om sodanige toepaslike wetgewing af te dwing nie.

13.1.9 Enige en alle alkoholiese produkte wat by 'n teater verkoop en bedien word, moet deur die gaste op die perseel self genuttig word en mag nie deur gaste vanaf die perseel verwyder word nie, ongeag of dit bloot tydelik is al dan nie.

## 14. KRUIDENIERSWINKEL

14.1 Ten aansien van die kategorie "**Kruidenierswinkel**" sal die volgende voorwaardes en bepalings van toepassing wees:

14.1.1 'n Kruidenierswinkel se normale handelstye vir verkope van alkoholiese produkte sal op Maandae tot Vrydae van 8:00 tot 20:00 wees.

14.1.2 'n Kruidenierswinkel se normale handelstye vir verkope van alkoholiese produkte sal op Saterdae, sowel as op enige dag voor 'n Christelike vakansiedag, van 8:00 tot 17:00 wees.

14.1.3 'n Kruidenierswinkel sal nie enige alkoholiese produkte op Sondae of ander Christelike vakansiedae verkoop nie.

14.1.4 Die sonering waar 'n Kruidenierswinkel vir 'n magtiging met 'n vergunningsaansoek mag aansoek doen sal wees Sake Sone 1 & 2 en Kommersiële Sone 1.

14.1.5 Geen alkoholiese produkte mag op die perseel van 'n kruidenierswinkel bedien en genuttig word nie.

14.1.6 Die beperkinge en voorwaardes ten aansien van 'n Kruidenierswinkel soos vervat in enige toepaslike Drankwetgewing sal, insover dit nie in botsing met enige bepaling van die Direksie of sy gedelegeerde is nie, op die persoon / besigheid wat 'n magtiging ten aansien van die verkoop van alkoholiese produkte deur die Direksie of sy gedelegeerde uitgereik ontvang het, van toepassing wees, maar rus daar nie 'n verpligting op OAB om sodanige toepaslike wetgewing af te dwing nie.

## 15. WYN BOETIEK

15.1 Ten aansien van die kategorie "**Wyn Boetiek**" sal die volgende voorwaardes en bepalings van toepassing wees:

15.1.1 'n Wyn Boetiek se normale handelstye vir verkope van alkoholiese produkte sal op Maandae tot Vrydae van 8:00 tot 20:00 wees.

15.1.2 'n Wyn Boetiek se normale handelstye vir verkope van alkoholiese produkte sal op Saterdae, sowel as op enige dag voor 'n Christelike vakansiedag, van 8:00 tot 17:00 wees.

15.1.3 'n Wyn Boetiek sal nie enige alkoholiese produkte op Sondae of ander Christelike vakansiedae verkoop nie.

15.1.4 Die sonering waar 'n Wyn Boetiek vir 'n magtiging met 'n vergunningsaansoek mag aansoek doen sal wees Sake Sone 1 & 2 en Kommersiële Sone 1.

15.1.5 'n Wyn Boetiek mag op die perseel wyn aan voornemende kliënte slegs vir die oogmerk om die wyn uit te toets bedien en wat op die perseel genuttig moet word.

15.1.6 Die beperkinge en voorwaardes ten aansien van 'n Wyn Boetiek soos vervat in enige toepaslike Drankwetgewing sal, insover dit nie in botsing met enige bepaling van die Direksie of sy gedelegeerde is nie, op die persoon / besigheid wat 'n magtiging ten aansien van die verkoop van alkoholiese produkte deur die Direksie of sy gedelegeerde uitgereik ontvang het, van toepassing wees, maar rus daar nie 'n verpligting op OAB om sodanige toepaslike wetgewing af te dwing nie.

## 16. ALGEMENE BEPALINGS

16.1 In enige geval waar enige persoon of instansie alkoholiese produkte onder ander omstandighede of buite die voorwaardes soos vervat in die kategorie waarvoor daar 'n magtiging deur die Direksie of sy gedelegeerde uitgereik op dieselfde perseel waar dit van toepassing is wil bedien, sal sodanige persoon of instansie aansoek moet doen om alkoholiese produkte ook ingevolge 'n verdere kategorie van toepassing te bedien. Hierdie bepaling word beperkend uitgelê en is dit slegs moontlik om in die volgende omstandighede vir 'n verdere kategorie op dieselfde perseel aansoek te doen:

16.1.1 'n Restaurant wat 'n Wyn Boetiek wil oopmaak, of omgekeerd.

16.1.2 'n Teater wat 'n Restaurant wil oopmaak, of omgekeerd.

16.1.3 'n Sportklub wat 'n Restaurant wil oopmaak.

16.1.4 'n Drankwinkel of 'n Wyn Boetiek wat vanaf dieselfde perseel Verspreiding wil doen.

16.1.5 'n Gastehuis / Hotel wat 'n Restaurant wil oopmaak.

16.1.6 'n Restaurant wat ook 'n kroeg/taverne wil wees; en andersom.

16.2 Ten aansien van alle kategorieë magtiging vir die bediening van alkoholiese produkte (Restaurant, Kroeg / Taverne, Gastehuis / Hotel, Nagklub, Sportklub, Funksie en Teater) sal geen alkoholiese produkte 30 minute en later na sluiting van die bedieningstyd op die perseel deur enige persoon gebruik of genuttig mag word nie.

16.3 Ten aansien van alle kategorieë magtiging vir die bediening van drank (Restaurant, Kroeg / Taverne, Gastehuis / Hotel, Nagklub, Sportklub, Funksie en Teater) sal daar op Maandae tot Vrydae 'n streng sluitingstyd van 1 uur na die bedieningstyd geld, terwyl daar op Saterdae sowel as ander dae voor Christelike vakansiedae 'n streng sluitingstyd van 00:00 sal geld.

16.4 In enige geval waar enige besigheid, instelling of persoon oor 'n meerdere kategorie magtiging vir die bediening van alkoholiese produkte vanaf dieselfde perseel in die geval van 'n sportklub, teater en gastehuis / hotel tesame met 'n restaurant beskik en soos in hierdie reëls uiteengesit, sal die reëls soos op 'n restaurant van toepassing geld, tensy die Direksie of sy gedelegeerde anders mag spesifiseer.

16.5 In enige geval waar enige besigheid, instelling of persoon oor 'n meerdere kategorie magtiging vir die bediening van alkoholiese produkte vanaf dieselfde perseel in die geval van 'n restaurant en 'n kroeg / taverne beskik, sal die perseel geag wees 'n kroeg / taverne en met verwante voorwaardes aan 'n kroeg / taverne verbind vanaf 21:00 op enige gegewe dag te wees, ongeag die aard of beskrywing van enige ander magtiging toegestaan, tensy die Direksie of sy gedelegeerde anders mag spesifiseer.

16.6 Enige houer van 'n magtiging is geregtig om by die Hoof: Beplanning en Grondgebruik (Dorpsraad) ten aansien van enige geleentheid of funksie vir 'n verslapping van die reëls ten aansien van die bedieningstyd en die klankpeil aansoek te doen. Die aansoek vir 'n vergunning om die klankpeil te oorskry, moet die Direksie of sy gedelegeerde ten minste twee weke voor sodanige geleentheid/konsert bereik. Die aansoek moet 'n behoorlike beskrywing oor

die aard en omvang van die geleentheid ten aansien waarvoor die vergunning versoek word insluit.

16.7 Daar rus 'n verpligting op elke houer van 'n magtiging om alkoholiese produkte te verkoop of te bedien, die verantwoordelike persoon asook enige en alle werknemers in die houer van 'n magtiging se diens, om:

16.7.1 waar daar enige onsekerheid mag bestaan, die ouderdom van enige persoon wat alkoholiese produkte wil koop en/of nuttig met voldoende sekerheid vas te stel; en,

16.7.2 in die geval waar 'n persoon minderjarig is, geen alkoholiese produkte aan sodanige persoon te verkoop of te bedien nie; en,

16.7.3 waar enige ander persoon as die houer van die magtiging, die verantwoordelike persoon of enige en alle werknemers aan 'n minderjarige persoon op die perseel alkoholiese produkte verskaf of laat nuttig, sodanige persoon sowel as die betrokke minderjarige onmiddellik te versoek om die perseel te verlaat.

16.8 Dit is 'n oortreding vir enige houer van 'n magtiging, die verantwoordelike persoon en enige en alle werknemers om alkoholiese produkte aan enige persoon te oorbedien.

16.9 Enige gedrag, handeling of late wat op die misbruik van alkohol neerkom, is 'n oortreding.

16.10 Die houer van 'n magtiging moet, in alle gevalle waar geadverteer word en ten aansien van enige en alle bemarking wat verwys na die adres of besigheid van die houer van die magtiging, op die betrokke bemarking of advertensie dit duidelik aandui of meld dat geen alkohol aan minderjariges te koop aangebied word nie.

## 17. TOEPASSING

17.1 Hierdie gewysigde reëls is by die datum van inwerkingtreding op alle nuwe sowel as bestaande houers van enige dranklisensie en/of eienaars, instellings

of besighede wat 'n perseel waar alkoholiese produkte mee gehandel, verbruik, vervaardig of verbou word bedryf van toepassing.

17.2 Die bestaande houer van 'n dranklisensie en/of eienaars, instellings of besighede wat 'n perseel waar alkoholiese produkte mee gehandel, verbruik, vervaardig of verbou word bedryf sal alle aktiwiteite of optredes wat nie met die reëls hierin onder die bepaalde kategorie soos van toepassing strook nie by die inwerkingtreding hiervan staak en sal slegs gemagtig wees om verder handel te dryf of besigheid te doen soos uiteengesit in die reëls hierin vervat en enige verdere voorwaardes soos deur die Direksie of sy gedelegeerde daargestel.

17.3 Waar die houer van die magtiging om onder 'n bepaalde kategorie alkoholiese produkte te verskaf, die besigheidseienaar, die verantwoordelike persoon, enige ander bestuurders en werknemers, na gelang van die geval, by die oortreding van enige van die reëls hierin vervat skuldig aan 'n oortreding is, kan 'n boete opgelê word of 'n ander toepaslike strafsanksie uitgereik word en soos uiteengesit in die "Orania Lys van Boetes en Ander Strawwe by Oortreding van Dorpsreëls" en wat van tyd tot tyd deur die Direksie bygewerk word. Verwysing na 'n Dissiplinêre Verhoor met verdere strafsanksies deur die Regspaneel uitgereik en soos uiteengesit in die Dissiplinêre Kode of kragtens hierdie reëls is nie uitgesluit nie. Enige boete uitgereik kan geskied in die naam van die houer van die magtiging, of die naam van die besigheid, of die verantwoordelike persoon en is hul gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik, die een betaal die ander om vrygeskeld te word.

17.4. In die geval waar die houer van die magtiging, die verantwoordelike persoon, enige en alle werknemers van die besigheid in die uitvoering van hul werksaamhede, of enige en alle direkteure of trustees van die regspersoon, indien van toepassing, hulself aan die herhaalde oortreding van hierdie reëls skuldig maak;

17.4.1 kan die aanklaer by Orania Regspleging by keuse sodanige herhalende oortreding van die reëls voor die Orania Regspaneel laat dien; of,

17.4.2 kan die Hoof: Grondgebruik en Beplanning by keuse sodanige herhalende oortreding van die reëls na die Orania Regspaneel verwys om voor hul te dien;

waarop die Orania Regspaneel in oorweging daarvan en met aanhoor van die partye, insluitend die houer van die magtiging, 'n aanbeveling aan die Direksie kan maak dat die magtiging om alkoholiese produkte te verkoop teruggetrek word, al dan nie.

17.5 Die eienaar van die aandeelblok waarop 'n perseel ten aansien waarvan 'n magtiging om alkoholiese produkte te verhandel of bedien word kan ook, by herhaalde oortredings deur die houer van die magtiging en/of die verantwoordelike persoon en/of die werknemers van die houer van die magtiging, vir die versuim om gepaste stappe te neem om die oortredings aan te spreek, dissiplinêr aanspreeklik gehou word, wat 'n boete of dissiplinêre verhoor insluit, ongeag of die aandeelhouer self in besit van 'n magtiging is of bloot die perseel verhuur of beskikbaar stel vir doeleindes van besigheid onder 'n bepaalde magtiging. Daar rus 'n regsplig op die eienaar van 'n aandeelblok om sorg te dra dat enige en alle aktiwiteite wat daarop plaasvind deur 'n huurder daarvan, of 'n gedeelte daarvan, aan toepaslike wetgewing en hierdie reëls voldoen.